TEGNIESE TEKENE HG P2 NOVEMBER 2006

Tegniese Tekene beginsels en konvensies moet vir die kandidate aangeleer word en nie net sekere tipes tekeninge en vrae nie. Dit sal die kandidaat in staat stel om enige tipe en soort vraag korrek te beantwoord.

Vraag 1: - Vryhand van selfoon

Die vraag is goed beantwoord.
Die insig wat deur die kandidate getoon is was goed.
Daar is nog sentra wie (baie min) se kandidate van instrumente gebruik maak om of die isometriese asse te bepaal en/of om die hele vryhand tekening te teken.
Van die kandidate se plasing van die vooraansig in isometries was foutief.
Kandidate moet ook gewys word op die verskil tussen ‘n vryhand tekening en ‘n vryhand skets. Teken het geen dubbellyne.

Vraag 2: - Perspektief van vertrek

Die vraag is besonders goed beantwoord.
Bepaling van die verdwynpunte was baie beter as in die verlede.
Alle kandidate, met ‘n paar uitsonderings, se verdwynpunte is korrek bepaal.
Van die kandidate besef nog nie dat as ‘n punt aan die prentvlak raak sal dieselfde punt direk daaronder ook op die grondvlak raak.

Vraag 3: Konvensies / Deursnee aansig

Daar was ‘n groot verbetering in die beantwoording van die konvensies.
Die meeste kandidate ken die basise beginsels.
Min tot geen kandidate kon die afmetings korrek aanbring.
Sommige het nie die vraag gelees nie en het glad nie afmetings bygevoeg nie.

Vraag 4: Samestelling van ‘n handboor

Die vraag is goed beantwoord deur die kandidate wat insig in masjiendele het.
Min kon die gedeeltelike arsering rondom die pen doen.
Karteling van die klampkop was vir baie vreemd.